

## Die Vader Almagtig

Gedissiplineerde, sistematiese denke oor die geloof wat ons bely, is hier van groot belang. Ons as mense sou graag onmiddellik hierdie belydenis wou koppel aan die gebed wat Jesus Sy dissipels geleer het.

So 'n denkpatroon kan daartoe lei dat die primêre betekenis van hierdie belydenis agterweë gelaat word en is daarom teologies onverantwoordelik.

Deel van die verwarring is dat mense onmiddellik dink in terme "Ons Vader". Jesus leer ons om daardie gebed op ons lippe te neem. Dit is in afgeleide sin waar dat God ons Vader is en dit is ná Golgota wat die gebed werklik moontlik word. Dit is nie die primêre betekenis van die belydenis 'ons glo in die Vader' nie.

Deel van die verwarring ontstaan omdat 'n woord wat net drie maal in die Nuwe Testament voorkom, gebruik word om 'n hele teologie te bou. Die woord "αββα" kan vertaal word as "Pappie". Daar is talle teoloë en predikers wat 'n hele teologie bou op die "Pappie in die hemel", soos byvoorbeeld Joseph Prince ([www.youtube.com/watch?v=QOF-dwTubUc](http://www.youtube.com/watch?v=QOF-dwTubUc)).

Kom ons begin by die begin en poog om op die spoor van die Bybel en die klassieke teologie hierdie belydenis van "Vader Almagtig" te verstaan.

## VADER

Vader is inderdaad 'n aanduiding van verhouding. Om vader te wees, is om

vader van iemand te wees. God die Vader is eerstens aanduiding van 'n interne verhouding ten opsigte van die Triniteit. Die eerste persoon van die Triniteit stel Homself aan ons bekend as Vader Almagtig.

Ons het reeds verwys na die Openbaring as bron van teologie. Ons bly oortuig dat die Bybel die Openbaring verwoord sonder om daardeur te wil beweer dat die Openbaring menslik manipuleerbare geopenbaarheid word.

Karl Barth wys daarop dat ons net in gehoorsaamheid die Vader kan bely, juis omdat niemand die Vader gesien het nie, net die Seun. Ons ken in gehoorsaamheid die verskuilde Vader in die Seun deur die Heilige Gees.

*Vader Almagtig* verwys na die eerste persoon in die Triniteit. Hierdie stelling maak 'n kort ekskursie nodig om verwarring te vermy. In die teologie tref ons die onderskeid tussen die immanente Triniteit en die ekonomiese Triniteit. Die immanente Triniteit word ook die ontologiese Triniteit genoem. Ontologie verwys na wese, diepste wese. Dit is met ander woorde 'n woord wat na die eie aard van iets of iemand verwys. In terme van die immanente – of ontologiese Triniteit beteken dit dat ons verwys na die feit dat God drie in een is, drie in persoon, een in wese. Hierdie saak word uitvoerig bely in die belydenis vernoem na Athanasius. Daar is drie persone in terme van die ontologiese/immanente Triniteit, naamlik Vader,



Seun en Heilige Gees. Die ekonomiese Triniteit is die verdeling van rolle soos ons dit terugvind in die Bybel; die Vader stuur, die Seun is die gestuurde en die Heilige Gees is die Trooster. Anders gestel, ons ontmoet die ekonomiese Triniteit in die Bybel. Ons lewe met die oortuiging dat God nie anders is as Sy openbaring nie. Dit beteken dat ons sekere afleidings kan maak oor die wese van God. God sal altyd meer wees as die openbaring, maar nooit anders as die openbaring nie. Die stelling dat die Vader Almagtig die eerste persoon van die Triniteit is, beteken daarom dat ons God die Vader so leer ken in die Bybel en daarom die uitspraak maak dat dit eie aan die wese, die ontologie van die eerste persoon is dat Hy Vader Almagtig is.

Die feit dat die belydenis nie na 'n Vader of ons Vader verwys nie, is aanduiding van die ontologiese aard van die woord "Vader". Hierdie gedagte word bevestig deur die belydenis in Jesus Christus, SY eniggebore Seun.

Enige menslike wensdenkery dat God so 'n algemene welwillende Vader is wat menslike pogings aanvul en beloon, word nie deur die Bybel se getuienis ondersteun nie. Hy is Vader van die Seun. Die eerste persoon is Vader, Hy word dit nie deur die openbaring nie.

Terwyl ons by 'n volgende geleentheid gaan nadink oor die Skepper en skepping, is dit nou van belang om te stel dat ons nie die Vader deur die skepping leer ken nie. Ons kan uit die skepping bloot aflei dat daar 'n Skepper

is. God as Vader leer ons net ken deur Jesus Christus en die Bybel.

Dit is nie moontlik om na God as almal se Vader te verwys nie. God is liefde en hierdie feit maak dit moontlik vir gelowiges om in Jesus naam Hom aan te spreek as Vader. God is ons Vader deur Jesus se versoeningswerk. Dit roep ons egter tot geloof. Ons kan net in geloof die Vader leer ken as ook ons Vader. Vader Almagtig is nie alle mense se Vader nie. Die feit dat hy nie almal se Vader is nie, en dat baie mense Sy Godheid ontken, maak nie dat Hy skielik anders is of word nie. Die belydenis in *God Almagtig* is erkenning van 'n ewige werklikheid.

Die Bybel moet ook ons bron wees vir ons verstaan van die term "vader". Ons wil so graag ons mooiste gedagtes oor vaderskap vlerke en 'n kroon gee en dan dit projekteer op ons belydenis. Dit is dwaas om vanuit die menslik gegewene te projekteer en dan hierdie skimbeeld selfs te aanbid en gelyk daarmee dan aan die "god" voor te skryf. Dr G C van Niftrik beweer dat kindwees 'n genadige geskenk van God is en dat mense nie van nature God se kinders is nie. Die Vader is die verskriklike, die Almagtige wat nog deur geen mens gesien is nie. Ons aardse vader is ons verwekker wat mag het **in** ons lewens, maar geen mag het **oor** ons lewens nie. Juis daarom kan ons nie afleidings oor die Vader maak aan die hand van aardse vaders nie. Ons kan verwagtinge hê van ons aardse vader op grond van die Vader se selfopenbaring. Theodore van Mopsuestia het reeds daarop gewys dat

Adam later vader geword het. God is Vader voor tyd, Hy word nie in tyd Vader nie, intendeel, tyd is deel van die skepping. ‘Vader Almagtig’ is ‘n wesenskenmerk van die eerste persoon van die Triniteit, nie iets wat later verwerf of toegeken is nie.

Ons moet ook waak teen die feminisme van ons dag wat as “balans” ook wil praat van “Moeder”. Eerstens is die Bybel as bron van openbaring duidelik te verstane as dat ons die eerste persoon leer ken as Vader. Al is daar vroulike metafore wat gebruik word (Matteus 23:37 *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!*) is dit geen rede om “Moeder” te gebruik nie. Daarmee saam is dit die Vader wat skep, nie verwek of baar nie (Ons sal later by die verband met die tweede Persoon weer na *verwek* verwys). God is nie een van die Griekse, Romeinse of midde-Oosterse gode nie.

Ons belydenis dat die eerste persoon van die Triniteit ‘Vader Almagtig’ is, beteken nie dat ons nou ‘n rangorde in die Triniteit veronderstel nie. Dit is nie so al asof die Vader bo die Seun en die Gees is nie. God se optrede na buite is gerig op ons heil. Die Vader genereer ewig, die Seun is die ewig-gegenereerde en die Gees gaan uit van Vader en Seun. Ons kan nie meer aflei uit die ekonomie van die Triniteit as wat die openbaring aan ons beskikbaar stel nie. Ons glo dat “opera trinitatis ad extra sunt indivisa”. Die optrede van die Triniteit na buite is

onverdeelbaar. Dit maak sin binne die heilsgeskiedenis.

### **ALMAGTIG**

Net soos ons nie die aardse kan idealiseer en dan dit aan die Vader toeskryf nie, kan ons nie byvoorbeeld ‘n magtige tsunami op steroïdes sit en dan dit almag noem nie. Die Vader se Almag is nie oormag nie.

Die Vader se almag het ‘n inhoud wat ons terugvind in die Bybel. Die eerste kwalifiseerder is Vader, en daaruit kom Almag na vore. Ons leer die Vader ken en leer dan dat Hy almagtig is. Ons leer en filosofeer nie oor ‘almag’ en kom dan by wyse van gevolgtrekking by ‘Vader’ uit nie. Die Vader se Almag het betekenis in ons lewe en dood. Vir van Niftrik is hierdie Almag in lewe en dood ons troos omdat Almag groter as lewe of dood is.

Almag as verwysend na die Vader, verwys nie na ‘n komponent nie. Almag is nie een van die bestanddele van God, saam met liefde, heiligheid skeppingsmag, en geregtigheid nie. Bokant ons begrip is daar die Vader se Almagtige liefde, geregtigheid en heiligheid. ‘n Benadering wat die attribute van God (dit wat as goddelik gereken word soos almag, alomteenwoordig en alwetend) verstaan as onderdele is op ‘n dwaalspoor waar selfs verwarrende onlogiese en onmoontlike vrae gestel kan word. Een voorbeeld van hierdie verkeerde benadering, is die vraag of God ‘n klip kan skep wat Hy nie kan optel nie. Die harmonie wat ons in die openbaring terugvind, maak bovermelde benadering tot God sinloos.

Die Almag vind ons terug in die openbaring, nie uit iets wat ons in die natuur kan uitvind of ontdek nie. Israel het God se Almag ervaar telkens by verlossing uit een of ander vyandige mag. Ons ervaar die Almag in die besonder met die verlossing uit sonde en dood.

Almag word vir Abraham duidelik wanneer kinderloses ouers word, Almag kry inhoud wanneer slawe droogvoets deur die Rooisee beweeg en 'n vry, magtige nasie word. Almag kry inhoud wanneer 'n magtelose aan 'n kruis die dood oorwin en dit duidelik word dat die hele geskiedenis tot op daardie stadium opgebou het. God se Almag is nie 'n eenkant opsigself verwysende potensiaal nie. Die Vader se almag blyk uit 'n heilsgeskiedenis wat werklikheid word ten spyte van menslike weerstandigheid. Jesus spreek 'n magswoord en 'n besetene word van beklemming bevry, 'n storm word stil gemaak en 'n skare word versadig. Die Almag blyk veral in die opstandingskrag waar die mens se grootste vrees; naamlik die dood, finaal oorwin word. God se Almag kom uit in die werklikheid van ons redding en die feit dat Hy ons behoud verseker. Anders gestel, Die Vader se Almag is ons waarborg dat ook die wederkoms en ewige lewe binne die ruimte van Sy mag val.

Hierdie deel van ons belydenis word deur die Apostolicum en die Niceanum dieselfde verwoord.

As laaste gedagte kan ons nou terug beweeg na die eerste gedagte en dit dan in afgeleide sin stel. God die Almagtige

Vader het in die geskiedenis besluit om ons as Sy kinders aan te neem. Die feit dat ons glo en uitsien na die ewige lewe, beteken dat ons tot Hom kan nader as ook ons Vader. Hy het ook in die heilsgeskiedenis daardie betekenis van die woord, vader, op Hom geneem. Ons is nou inderdaad kinders van ons vader wat Sy Almag toon daarin dat ons begenadigde sondaars is.

#### Apostolicum

Credo in Deum **Patrem omnipotentem**,  
Creatorem caeli et terrae, - Latyn  
**πατέρα παντοκράτορα** – Grieks

#### Nicea

Credimus in unum Deum,  
**Patrem omnipotentem**,  
factorem coeli et terrae,  
visibilium omnium et  
invisibilium,  
**Πατέρα παντοκράτορα**